



Hou jou oog op Jesus!

Volg die regte spore

Wat dit verg om Jesus te volg

Terugblik op die
Algemene Sinodesitting

Die Fontein

HIERDIE MAAND IN DIE FONTEIN

JANUARIE 2026

Redaksioneel

01 Uit die redakteur se pen

Geestelike groei

02 Woordoordeening: Hou jou oë gespits op Christus

03 Hou jou oog op Jesus!

05 Volg die regte spore

07 Wat dit verg om Jesus te volg

08 Die etiek van ons keuses

09 Gebedsversoeke: Fokus op God

Gemeentenuus

10 Dankie Elias!

11 “Skenk ons ’n helder
Somerkersfees in hierdie land,
O Heer!” / Predikant verjaar

12 Ons leef nie alleen nie: Algemene
Sinode 2026

13 Ons kinders leer Jesus liefkry ...

14 Kerkfinansies

Rubrieke

15 Kollig: Verwelkoming- en
gasvryheid

16 Diakonie: Kongres

17 Ons leer ken ...

18 Dit Borrel in my!

19 Blokraai

20 Het jy geweet?

21 Diere en voëls van die Bybel

22 Tienerfokus

Kinderhoekie

23 Kortverhaal

24 Kleuterpret


25 Jongmensjolyt

Advertensies

26 Blokadvertensies

Uit die redakteur se Pen

Magda du Toit



Ons bevind ons reeds diep in die eerste maand van nog 'n nuwe jaar. Vir party van ons bring dit opgewondenheid vol verwagting, terwyl die nuwe jaar vir ander slegs 'n voortsetting van daaglikse verantwoordelikhede beteken. Tog hou ons vas aan ons geloof om ons deur die jaar te dra.

Geloof beteken om van jouself weg te kyk en jou oog op Jesus te hou. Dit is dan ons tema vir hierdie uitgawe van Die Fontein – **Hou jou oog op Jesus.**

Ons is soos pelgrimsreisigers wat pas begin het met ons reis deur 2026. Mag Psalm 123 vir ons almal dien as 'n ankerpsalm vir hierdie maand sodat ons altyd na die Here sal opkyk soos die oë van slawe wat gerig is op die hand van hulle meester, en soos die oë van 'n slawedogter gerig is op die hand van haar werkgeefster.

Ons vertrou dat die artikels in hierdie maand se uitgawe as ondersteuning en bemoediging sal dien om julle deur die jaar te dra.

Lees ook van Elias, wat so lank in ons gemeente se diens was, se afskeid. Maak seker dat dié uitgawe by die dooplidmate, van kleuter tot tiener, uitkom. Onthou om die blokkiesraaisel in te vul en by die Kerkkantoor in te dien.

Onthou asseblief dat ons graag die kommunikasie in beide rigtings wil laat vloei met ons maandblad. Ons verneem dus graag u opinie of standpunt oor ons tema of enige ander saak wat u na aan die hart lê. U is welkom om enige briewe, geloofservarings of ander nuus per e-pos na fontein@annlin.co.za te stuur.

Lekker lees!



Stuur asseblief jul insette en advertensies na fontein@annlin.co.za.



Of gooi jou brief in die boksie by die kennisgewingbord.

Teks vir die maand: Aanmoediging om te volhard met die oog op Jesus

Daarom, terwyl ons ook so 'n groot wolk getuies rondom ons het, laat ons van elke las ontslae raak, van die sonde wat ons so maklik omring en die wedloop wat vir ons voorlê, met volharding hardloop, die oog gerig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof. Hy wat ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig gestel is, die kruis verduur het, die skande daarvan gering geag het en sy plek aan die regterkant van die troon van God ingeneem het. Dink inderdaad aan Hom wat so 'n vyandigheid van die kant van sondaars teen Hom verduur het, sodat julle nie geestelik moeg raak en uitsak nie.

Hebreërs 12:1-3

Woorddoordenking: Hou jou oë gespits op Christus

Nico Vorster

Die boek Handelingte bevat 'n reeks bekeringsverhale. Telkens lees ons hoe Christus in mense se lewens ingryp, hoe hulle lewens vir altyd verander en hoe daardie mense dan ander mense se lewens gaan verander.

Al die bekeringsverhale in Handelingte is aangrypend, maar Paulus se bekering is besonders treffend. By Damaskus verskyn Jesus Christus aan Paulus. Paulus sien Christus en sy lewe verander radikaal. Let op: Ons het nie hier te doen met 'n belangstellende en ontvanklike mens soos in die geval van Kornelius en die Ethiopiër nie. Nee, Paulus is 'n gewelddadige en fanatiese vyand van God.

Sonde maak blind. Paulus se fanatiese ywer vir die Joodse wet het hom blind gemaak vir die ware God. Maar dan sien ons hoe die Here hom uit sy blindheid uitruk. Terwyl hy op pad is na Damaskus straal daar skielik 'n lig uit die hemel op hom. Jesus Christus roep hom op die naam: **Saul, Saul waarom vervolg jy my!** Soos in die geval van Abraham, Isak en Jakob roep die Verbondsgod hom twee keer op sy naam.

Dit is juis die absurditeit van God se genade en die onverdienslikheid van God se liefde wat Paulus tot stilstand ruk. Na die verskyning is hy sprakeloos. Die lig van Jesus se verskyning het hom verblind. Met die hand word hy na Damaskus gelei. Hy wat opgeruk het na Damaskus met 'n sak vol briewe om met mag en krag die gelowiges uit hulle wegkruipplekke te gaan haal, word as 'n blinde die stad binnegelei.

“... En tog kon hy [Paulus] ten spyte van die swaarkry ... getuig van die groot vreugde wat hy in Christus gevind het.”



In 'n oogknip word sy lewe omgekeer. Hy is verward. Alles waarin hy geglo het die Joodse wet, die redding deur werke heen, die waarheid van die Joodse geloof, ja sy hele identiteit as mens, het in skerwe gespat. Vir drie dae eet of drink hy nie. In sy blindheid worstel hy met homself. Hy rou omdat Hy die Here self vervolg het. Maar dan die wending ...

Die vervolger van Jesus word 'n navolger van Jesus. Die man wat Stefanus die leier van die Christene vermoor het, word nou 'n apostel van Christus. Na Paulus se bekering gaan getuig hy van dit wat die Here vir hom gedoen het. Hy het voor keisers en konings soos Felix, Festus, Agrippa en Nero gaan getuig. Hy het vir die Jode en vir heidene gepreek. Soms is hy voor howe gedaag. Hy het gevangenisstraf uitgedien omdat hy die naam van Christus bely het. Hy het liggaamlike marteling verduur. Hy was arm en selfs 'n drenkeling op die see. Dit alles ter wille van Christus. En tog kon hy ten spyte van die swaarkry in sy brief aan die Fillipense getuig van die groot vreugde wat hy in Christus gevind het.

Die genade wat God in Christus aan Paulus getoon het, het Hy aan elkeen van ons getoon. Uit genade alleen is ons gered. Ook aan ons het Christus verskyn! Nie by Damaskus nie, maar wel in sy selfopenbaring deur sy Woord en Gees. Kom ons hou daarom die oë op Hom gefokus. Ons sig op Christus vernuwe ons van binne en help ons om ander se lewens positief te verander.

Hou jou oog op Jesus

Henriëtte Mulder

Ons staan weer aan die begin van 'n nuwe tydperk – hierdie keer is dit 'n nuwe jaar. Vir baie mense is die nuwe jaar 'n tyd vir nuut begin, 'n tyd waarin groot planne vir die jaar vorentoe gemaak word en 'n tyd waarin ons so maklik kan vergeet dat ons nie die laaste sê oor ons lewens en planne het nie.

Die enigste een wat werklik weet wat die jaar vir ons inhou, is God – daarom is dit so belangrik dat ons ons oog op Jesus gerig hou.

Wysheid wat in Spreuke 19:21 aan ons oorgedra word, sê die volgende:

“Al maak mense hoeveel planne, wat die Here besluit, staan vas.”


Daarom kan ons met sekerheid weet dat met God aan ons sy, ons die maklike, die onmoontlike en alles tussenin kan aandurf en selfs deurstaan. God is alwetend, daaraan hoef ons nooit te twyfel nie en daarom kan ons ons oog op Hom gerig hou al voel dit soms of die mat onder ons voete uitgeruk word. God is altyd daar in elke tyd van ons lewens.

“Die enigste een wat werklik weet wat die jaar vir ons inhou, is God – daarom is dit so belangrik dat ons ons oog op Jesus gerig hou.”


Dis makliker gesê as gedaan – ons twyfel maklik wanneer dinge sleg gaan en blaas maklik ons eie beuel wanneer dinge voorspoedig is. So vergeet ons maklik dat God in beheer is in elke opsig van ons lewens en dat ons slegs ons oë op Hom gerig moet hou.

Hoe kan ons dit doen?

Daar is baie voorbeelde uit die Bybel van mense wat hulle oog op Hom gerig het en hulle geloof volkome in Hom geplaas het. Een so voorbeeld is Abraham wat Isak moes offer. 'n Ander voorbeeld is die van Daniël. Hy het in ballingskap onder heidense regerings geleef, maar elke dag het sy voete hom na sy dakkamer gedra waar hy op sy knieë voor die Here gegaan en Hom geloof en prys het. Daniël se verhaal getuig van sy verhouding met God en daarom kon hy sy oog in vertroue op Hom hou.



Hou jou oog op Jesus (vervolg)



**“Sonder Hom sal ons
nêrens kom nie, maar
met Hom het ons die
ewigheid gekry.”**

God is getrou, maar ons is geneig om van Hom af weg te draai. Ons wil ons eie paadjies volg, ons koppe keer op keer teen dieselfde klip stamp.

As ons nie weet waar om te begin om ons oë op Jesus gerig te hou nie, hoef ons slegs die Bybel oop te maak. God praat so met ons, gee ons hoop, moed en insig. Ons moet Hom net vra om ons harte ontvanklik te maak.

En bid, bid, bid. Gebed is die lewensaar tussen ons en God. Ons kan nie ons oog op Hom hou as ons nie 'n verhouding met God het nie. Ons kan nie 'n verhouding met Hom hê as ons nie met Hom praat nie. En as dit die dag gebeur dat ons nie weet wat om te bid nie, kan ons Jesus se gebed wat Hy ons in Matteus 6:9-13 leer, bid:

“Ons Vader wat in die hemel is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil ook op die aarde geskied, net soos in die hemel. Gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons oortredings soos ons ook dié vergewe wat teen ons oortree; en laat ons nie in versoeking kom nie, maar verlos ons van die Bose.”

Saam met mekaar kan ons tot God bid, Hom vra om ons te leer en te lei – om ons oë op Hom gerig te hou in elke omstandigheid. Sonder Hom sal ons nêrens kom nie, maar met Hom het ons die ewigheid gekry.



Volg die regte spore

Magda du Toit

Spore is sigbare merke wat aandui waar 'n dier of insek was. Elke spoor bevat ongelooflik baie inligting waaruit spoorsnyers baie afleidings kan maak. Vir dié wat daarop bedag is, maak die lees van spore 'n hele nuwe wêreld oop.

God se spore

God het vir ons ook spore nagelaat. Deur op te let na daardie spore kan ons baie kennis opdoen en ook sien in watter rigting ons moet loop.

Ons sien God se spore in die Bybel – sy Woord. Ons kan sy spore in die natuur volg. Ons kan ook sy spore volg in die werke en lewens van ander mense. Die teenwoordigheid van God se genade en liefde in ons eie en ander mense se lewens is duidelike spoormerke wat ons nie moet miskyk nie.

Jesus se spore

Daar is baie Christene wat jaarliks die Via Dolorosa in Jerusalem gaan stap en so stap hulle in die spore van Jesus tot by die kruis. Maar Jesus se spore lê op baie meer plekke. Wanneer ons die Bybel lees, kan ons saam met Jesus stap en sy spore volg. Deur sy gelykenisse en leerstellings

kan ons sien presies hoe en waar ons in ons lewens moet stap. Die spoor van Christenskap is al te duidelik sigbaar vir ons om te volg.

“Wanneer ons doen wat Hy ons beveel, wanneer ons in sy voetspore volg, sal ons weet hoe ons moet lewe.”

Ons trap egter so maklik Jesus se voetspore mis omdat ons op die verkeerde dinge fokus. In plaas daarvan dat ons op Jesus fokus, fokus ons op die wêreld. Omdat ons aandag op probleme, terugslae, eensaamheid, hartseer en soms selfs selfverheerliking toegespits is, verloor ons maklik Jesus se spoor.



Volg die regte spore (vervolg)

Jesus het aarde toe gekom vir ons. Deur sy lewe en sy werke dien Jesus as ons volmaakte mentor vir die lewe. Wanneer ons doen wat Hy ons beveel, wanneer ons in sy voetspore volg, sal ons weet hoe ons moet lewe.

Dink gerus aan al die plekke waar Jesus vir ons spore agtergelaat het en wat ons daaruit kan leer:

- 👣 In die skrynerwerkerswinkel saam met Josef.
- 👣 In die tempel.
- 👣 In die Jordaanrivier waar Hy gedoop is.
- 👣 In die woestyn waar Hy deur Satan versoek is.
- 👣 Op stowwerige paaie om mense te red.
- 👣 By vriende en ook randfigure van die samelewing.
- 👣 Die uitmergelende pad na Golgota.
- 👣 Uit die graf gestap as oorwinnaar oor die dood.

Ons is daartoe geroep om in Jesus se voetspore te volg. 1 Petrus 2:21 sê:

“Juis hiervoor is julle ook geroep omdat Christus self vir julle gely en so vir julle ’n voorbeeld gestel het, sodat julle in sy voetspore kan volg.”

Staan jy stil en soek jy Jesus se voetspore in jou lewe? Buk jy af en maak jy tyd om daardie spore te bestudeer? Doen jy moeite om meer te wete te kom oor wat die spore beteken? En kyk jy wat jy uit daardie spore kan leer en hoe jy dit kan volg op jou lewenspad?

Jesus se spore is sigbaar sodat ons dit kan volg. Elke spoor bevat ongelooflik baie inligting om ons te help en te lei. As ons daarop bedag is en Jesus se spore reg lees en dit volg, bring dit ons na ’n hele nuwe wêreld vol genade.



Wat dit verg om Jesus te volg

Johnny Beumer

“Ons moet bereid wees om Hom ten volle te gehoorsaam ...”

Wat ’n genade as ons deur die Heilige Gees weer gebore word tot ’n nuwe lewe (Joh. 3:3). Dan word ons dissipels van Jesus! Maar wat beteken dit om dissipel te wees en wat verg dit van jou?

Die praktyk van ’n rabbi (meester) en dissipels (studente) wat hom volg en by hom leer, was baie algemeen in die Bybelse tyd. In daardie dae was dit ’n student se teologiese skool. Die student sou dan so ’n rabbi volg totdat hy gereed was om self ’n rabbi te word.

Jesus self was die grootste leermeester van alle tye. Meer as net die 12 dissipels wat Hy uitgekies het, het Hom gevolg. Ons lees in Lukas 10 dat hy 72 ander dissipels uitgestuur het. Onself is vandag Jesus se dissipels en ons wil ons lewe inrig volgens die voorbeeld wat Hy vir ons gestel het.


Om Jesus met volle oorgawe te volg, kom teen ’n prys. Ons moet bereid wees om Hom ten volle te gehoorsaam al beteken dit dat jy jou besittings of selfs jou aardse lewe moet prysgee (Vergelyk Luk. 14:26 & 33 en Matt. 16:25-26).

Wanneer ons Jesus volg, moet ons die Skrif goed leer ken en woorde gebruik volgens Jesus se uitsprake. Toe Jesus honger was in die woestyn en versoek is, het Hy telkens die Skrif aangehaal: **“Daar staan geskrywe ...”** (Matt. 4:4). Ons moet ook die Skrif verstaan soos Jesus dit verstaan het en uitgespreek het. In sy bergpredikasie het Jesus byvoorbeeld die betekenis van die Here se Wet uitgelê deur telkens te sê: **“Julle het gehoor ... maar Ek sê vir julle: ...”** (Matt. 5:17-48). Paulus moedig Timoteus aan om te bly by wat hy geleer het en wat hy vas glo (2 Tim. 3:14). Dit is wat ons ook moet doen as volgelinge van Jesus.

’n Volgelinge van Jesus is ook bereid om die evangelie met ander te deel en om nog dissipels te maak in ooreenstemming met Jesus se Groot Opdrag in Matt. 28:19-20.

Om Jesus te volg, is nie maklik nie en vereis dat jy bewus moet wees van wat dit gaan verg. Jesus vergelyk dit met iemand wat ’n gebou wil oprig en eers die koste moet bereken (Luk. 14:28-30). Ook vergelyk Jesus die vooraf oorweging van wat dit gaan verg om Hom te volg met ’n koning wat met ’n ander koning in ’n oorlog betrokke wil raak. So ’n koning moet tog vooraf so ’n stryd strategies beplan of alternatiewelik liever vir vredesvoorwaardes vra (Luk. 14:31-32).

Is jy bereid om Jesus onvoorwaardelik te volg, ongeag die koste? Dit is ’n heerlike roeping met die belofte dat ons vir ewig sal lewe.



Die etiek van ons keuses

Carina Pyper

Verwerk en geneem uit: Etiek en Eksistensie – In koningkryksperspektief, J.H. van Wyk)

Om te kies tussen reg en verkeerd, of tussen wat God voorskryf teenoor wat die mens wil, kan nogal uitdagend wees. Daarom, om in staat te wees om Woordgefundeerde keuses te maak, moet mens die Woord bestudeer en ken.

Dit is belangrik dat daar 'n nou verband tussen Skrifbeskouing en morele praktyk bestaan. En hoewel 'n foutiewe skrifbeskouing op 'n skewe moraliteit kan uitloop, is die saak nie altyd so eenvoudig nie.

Kennis van die Woord.

Kennis van die Woord beteken nie 'n koue verstandskennis van 'n aantal Goddelike wette nie. Dit gaan veral oor wat die God van die Woord vir ons sê – dus oor Sy wil (Kol. 1:9).

Dit is alleenlik in die lig van die Bybel as Woord van God dat die mens tussen goed en kwaad kan onderskei (vgl. Rom. 16:19, Heb. 5:14) en die oersonde kan vermy deur sêlf te probeer uitmaak wat goed en kwaad is (Gen. 3). God gee uit genade vir die mens die kriterium om te onderskei tussen goed en kwaad omdat die mens dit nie self kan uitdink nie.

Antwoorde op alle morele vrae is egter nie altyd pasklaar in die Skrif opgeteken nie. Die breë riglyne is wel daar, maar die toepassing is slegs moontlik deur die leiding van die Heilige Gees, deur gebed en die meeluister met ander gelowiges. (Ef. 3:18)

Kennis van die werklikheid.

Dit is ook belangrik dat die Woord by die werklikheid gebring moet word. Kennis van die Woord alleen is onvoldoende as die werklikheid of situasie waarop dit betrekking het, onvoldoende of eensydig in berekening gebring word. Wie oor oorlogs-, omgewings- of politieke etiek besluite moet neem, maar niks weet van die konkrete probleem nie, kan onmoontlik met 'n korrekte Skrifbegrip vorendag kom.

Die waarheid moet in 'n bepaalde situasie gestalte aanneem. Daarom gebruik ons die Skrif dikwels verkeerd omdat ons nie die werklikheid om ons ken nie. Toegepas: As ons al die hartseer en pyn, die irritasies en frustrasies van die wêreld om ons beter geken het, sou ons dalk makliker 'n Skriftuurlike oplossing kon vind.

In die Bybel is daar antwoorde op al ons morele vrae al is dit nie altyd direk nie. Soms moet ons worstel om die wil van God te ontdek, maar ons het die belofte dat die Gees die gelowiges in die waarheid sal lei (Joh. 16:13) selfs al dwaal hulle soms ver af.



Gebedsversoeke

Carina Pyper

"Fokus op God"

Heb. 12:1-2:

"Daarom dan, terwyl ons so 'n groot wolk van getuies rondom ons het, laat ons ook elke las aflê en die sonde wat ons so maklik omring, en met volharding die wedloop loop wat voor ons lê, die oog gevestig op Jesus, die Leidsman en Voleinder van die geloof, wat vir die vreugde wat Hom voorgehou is, die kruis verdra het, die skande verag het en aan die regterkant van die troon van God gaan sit het."

Die boodskap van die kruis van Christus is vir ons wat gered word 'n uitsonderlike kragtige liefdesboodskap: Om in geloof te lewe en hieraan vas te hou is, om weg te kyk van die sondige self, van twyfel, van Satan en sy misleiding, maar om te fokus op God en sy redding. Sy reddingsboodskap van sy dood aan die kruis gee ons die sekerheid dat Hy ons sondes vergewe. Met hierdie wete kan ons by Hom rus vind.

Gebed

Onse Vader wat in die hemel is, ons loof U grote Naam vir die redding wat U vir ons gebring het met Jesus se kruisdood. Ons bely ook dat ons U nodig het en dat ons van U afhanklik is. Verlig asseblief die laste wat ons dra en help ons om die bose, wat elke dag 'n aanslag op ons doen, te bestry. Ons kan dit alleen regkry met U hulp. Vul ons met U Heilige Gees. Ledig ons van ons vleeslikheid wat baie keer die oorhand oor ons kry in ons werk en wandel. Hemelse Vader, lei ons dat ons ons oog gerig sal hou op U en ook ons krag sal put uit U Woord. Help ons om die wêreld en die verleidelikhede daarvan te bestry. Dankie vir U Woordverkondiging in ons gemeente en die gemeenskap met gelowiges. Help ons om mekaar se hande te vat, dat ons in 2026 daar sal wees vir mekaar en diensbaar sal wees as gemeente in U koninkryk. Seën die diensgroepe in ons gemeente en hulle werk. Seën in besonder ons gemeente se jaarbeplanning en finansies. Help ons om te groei in geloof, liefde en diensbaarheid.

Seën ons leraar en sy gesin, vir vrede, respek, liefde en dat hul as gesin genoeg tyd vir mekaar sal hê. Seën ons leraar in sy Woordverkondiging, dat die Heilige Gees hom sal lei. Dankie vir ons leraar se besonderse ondersteuning en bediening van mense deur huisbesoeke. Beskerm hom teen die aanslae van die bose.

Vader, lei asseblief gemeentedele om ons leraar by te staan in die werk wat gedoen moet word. Seën ook die ouderlinge en diakens in hul werk, die kerkkantoor se werk, asook ons koster, orrelis, terreinwerker, kombuisdame en al ons lidmate.

Ons bid dit in Jesus Naam,

AMEN.

Dankie Elias!

Johnny Beumer

Na 20 jaar se getroue diens het ons op Sondag, **21 Desember 2025**, van ons terreinwerker en tuinier, Elias Malebye, afskeid geneem. Elias het die kerkterrein asook die twee pastorieë se tuine in stand gehou en was altyd gewillig om ook met take binne die geboue te help soos byvoorbeeld die skuif van tafels en stoele in die saal.

Ek onthou hoe ons 20 jaar gelede beurte gemaak het om Sondagoggende voor kerk in Mmakau en GaRankuwa saam met Elias van huis tot huis te stap om evangelisasiewerk te verrig. Elias was toe 'n ouderling van die Mmakau-gemeente. Hy was op daardie stadium werkloos en ons gemeente het 'n tuinier nodig gehad. Dit was die begin van Elias se 20 jaar lange verbintenis met ons gemeente.

Oor die jare het Elias getrou na die tuine omgesien en wanneer daar tweedehandse verkopings gereël is, het Elias al 6:00 by die kerk opgedaag om te help tafels aandra.

Elias, ons sê vir jou dankie vir jou harde werk en mag jy jou pensioentyd baie geniet.

Elias gaan nog 'n tydjie uithelp totdat daar 'n nuwe persoon aangestel is.

Elias en twee van sy familielede het by die afskeidsgeleentheid die erediens bygewoon en 'n Grootdruk hardebond Tswana Bybel ontvang asook 'n geldjie om hom te help met die aanbouing wat hy beplan sodra hy die tuig by die kerk neergelê het.



“Skenk ons ’n helder Somerkersfees in hierdie land, O Heer!”

Rika du Plessis

Hoewel die wolke teen laatmiddag op **24 Desember** steeds dik saamgepak was na die reën bui van vroeër, het ons die aand met piekniek en kersliedere onder ’n helder sterreheemel deurgebring.

Wat werklik besonders was, was dat daar ’n groot hoeveelheid mense uit die gemeenskap by ons aangesluit het, sommige van so ver as die Kaap. Hulle het vertel dat hulle die banier op die heining opgemerk het en toe sommer hulle familie saamgebring het. Daar was ook ’n hele paar mense, wat nie in ons gemeente is nie, wat nou al “ou bekendes” by hierdie geleentheid geword het. ’n Paar oud-lidmate en lidmate van buurgemeentes het ook gesig kom wys.

Ons kon ’n oomblik tot stilstand kom en werklik vir ’n rukkie ’n **“stille nag van vrede, onder die Suiderkruis”** beleef terwyl ons aan God die eer gee **“dat Hy aan ons Sy Seun gegee het – ons grootste Kersgeskenk”**.



Ons predikant het verjaar



Saamkuier na kerk is altyd ’n voorreg. Ds. Pieter Kurpershoek se verjaarsdag het die hele gemeente bymekaar gebring om gesellig na die ere diens saam te kuier.

Dit het nie net die geleentheid gebied om hom seën toe te wens nie, maar almal kon mekaar weer sien en groet na die Desembervakansie en mekaar voorspoed toewens vir die nuwe jaar!

Dankie aan elke huisgesin wat ’n bydrae gemaak het tot die heerlike eetgoed!

Ons leef nie alleen nie: Algemene Sinode 2026

Ds. Pieter Kurpershoek



Wanneer ons Here ons roep om sy kinders te wees, maak Hy ons deel van Jesus se liggaam. So word ons as Christene aan mekaar verbind en mag ons saam met mekaar leef, mekaar bystaan en saam besin oor hoe om met nog groter oorgawe ons Here te dien! Hierdie saamleef met mekaar geld nie net vir ons wat deel van 'n gemeente is nie, maar ook vir ons as kerke in kerkverband (die GKSA) en ons as kerke wêreldwyd.

As Gereformeerde Kerke kom ons landwyd (saam met die kerke vanuit Namibië) een keer elke drie jaar saam. Dis hoekom ongeveer 250 predikante en ouderlinge van 5-10 Januarie in Potchefstroom vergader het, saam met ongeveer 15 buitelandse afgevaardigdes van kerke van dwarsoor die wêreld met wie ons een is of bande het. Tydens die bietjie meer as 5 dae is 107 rapporte, beswaarskrifte, beskrywingspunte en adviesvrae behandel.

Waaroor handel al hierdie dokumente? Oor die werk wat gedoen word rondom Bybelvertaling, Diakonale Sake, die bediening aan ons jongmense, kontak met kerke in Suid-Afrika en die buiteland, teologiese opleiding, kerkgroei, liederere wat tydens eredienste gesing kan word, verskillende publikasies soos die Kerkblad en Vroueblad en nog verskeie ander onderwerpe.



Van die sake wat hanteer is wat ons as gemeente direk raak, is die 5 nuwe Skrifberymings wat goedgekeur is vir gebruik tydens ons eredienste, 'n studie wat gedoen is oor eredienste wat aanlyn uitgesaai word, toerustingswerk wat ontwikkel word wat ons kan help om as gemeente te groei, die ontwikkeling van nuwe katechesemateriaal asook al die verskillende tydskrifte wat vir verskillende fokusgroepe beskikbaar is.

Drie sake wat baie aandag op sosiale media en in die pers gekry het en waarvoor verskillende mense uiteenlopende gevoelens het, was:

? Die vraag hoe opgetree moet word teenoor kerke wat hulle nie hou by die besluit wat al in 2009 geneem is, naamlik dat vroue nie in die diens van predikant en ouderling kan dien nie. Hieroor het die Sinode besluit dat hierdie kerke een jaar tyd kry om hulle te voeg by die besluit wat geneem is.

? Die vraag waar ons teologiese studente opgelei moet word. Hieroor het die Sinode besluit dat studente op die huidige oomblik by beide die Gereformeerde Teologiese Akademie en by Mukhanyo Theological College opgelei kan word.

? Die vraag hoe ons ons verhoudinge met die NG Kerk sien. Hieroor het die Sinode besluit dat die memorandum wat ons verhoudinge met die NG Kerk omskryf het en sekere afsprake bevat, opgeskort word – alhoewel gesprekke met die NG Kerk sal voortgaan.

Wat voel mens wanneer jy by die Algemene Sinode wegstap? Aan die een kant bly mens verwonderd oor ons Here se werk in sy kerke, hoe Hy net voortgaan om sy koninkryk te laat groei. Aan die ander kant is daar hartseer, hartseer oor hoe ons kerke sukkel om werklik saam met mekaar in diens van ons Here Jesus te leef, gerig op ons wêreld wat stukkend is!

Ons kinders leer Jesus liefkry ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Met elke babatjie wat gedoop word, beleef ons hoe die Here Hom aan hierdie kindjie verbind en belowe dat Hy deur sy Gees in hierdie kindjie wil woon en werk. Terselfdertyd word hierdie kindjie opgeroep om in die Here Jesus te glo, terwyl Pappa en Mamma belowe dat hulle hul kindjie sal begelei om die Here Jesus te leer ken, liefkry en dien.

Ook ons as gemeente word met elke doop opgeroep en herinner om lief te wees vir elke kind in ons gemeente, om vir hulle te bid en om vir hulle prakties te wys hoe mens in Christus leef. Daarom reël ons as gemeente kategesegeleenthede asook kuier-en-speel-tye waartydens ons ons kinders help om ons Here Jesus al beter te leer ken en ook saam met mekaar as gelowiges te leef.

Inhoudelik begin ons hierdie jaar vir ons kinders in graad 1-6 met 'n stap-vir-stap-deur-die-Bybel-lees-program waarmee ons ons kinders wil begelei om die Here te leer ken soos Hy in die geskiedenis met sy volk gedoen het.



Ons kinders in graad 7-8 gaan in twee jaar deur die Kategismus werk, terwyl ons Graad 9's kyk hoe ons Here dwarsdeur die geskiedenis van sy kerk by sy kinders was. Ons jongmense in graad 10-11 gaan saam vanuit die Bybel en ons belydenisgeskrifte stilstaan by die vraag:

Hoe leer Jesus ons om te bid?

Vanjaar begin ons ook met 'n Jeuggebedsgroep waarvan enigiemand in ons gemeente kan deel word. Saam wil ons elke week vir ons kinders bid, gelei deur 'n sekere Skrifgedeelte.

As jy hiervan deel wil word, kontak gerus vir **Anneën van der Merwe (072 671 8373)** of skryf jou naam Sondag, 25 Januarie 2026, op die lyste.

Uiteindelik bid ons dat ons Here ons jongmense sal seën en deur sy Gees bekragtig en dat hulle al meer in ons Here Jesus mag groei en Hom met oorgawe mag volg!



Kerkfinansies

Die stand van ons gemeente se finansies tot en met einde Desember, word hieronder uiteengesit. Alle syfers is in Rand.

	Desember 2025		Jaar tot datum	
Inkomstes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Lidmaatbydraes ontvang	**	**	**	**
Evangeliesasie-bydraes ontvang	**	**	**	**
Ander inkomste (huur/rente)	**	**	**	**
Totale Inkomstes	**	**	**	**
Uitgawes	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)	Werklik (Rand)	Begroot (Rand)
Ramings	**	**	**	**
Instandhouding: Woordbediening	**	**	**	**
Evangelisasie	**	**	**	**
Emeriti-versorging	**	**	**	**
Sustentasië Mmakau	**	**	**	**
Bate-instandhouding & verbeterings	**	**	**	**
Administratiewe uitgawes	**	**	**	**
Sosiale bydraes	**	**	**	**
Jeug	**	**	**	**
Studentopleiding: kostes	**	**	**	**
Totale uitgawes	**	**	**	**
Netto tekort vir die maand	**	**	**	**

Vir Desember 2025, het die kerkkas 'n netto surplus van ** gehad. Die kerkkas het vir die jaar tot datum 'n netto tekort van ** gehad. Die lidmaatbydraes vir Desember 2025 was ** meer as die begrote maand se lidmaatbydraes. Die lidmaatbydraes vir die jaar tot datum is ** minder as die begrote lidmaatbydraes. Ons versoek asb. die gemeentelêde om getrou hulle bydraes maandeliks af te staan aan die kerkkas.

Instandhoudingsfonds	Desember 2025	Jaar tot datum
Spandeer	**	**

Die bate instandhoudingsfonds het ** spandeer gedurende die maand en vorm nie deel van die bostaande uitgawes nie.

Kollig op ons kommissies en diensgroepe

Verwelkoming- en gasvryheid

In die Augustus-uitgawe van die Fontein Maandblad is bekend gemaak dat ons diakonie besig is om 'n diensgroepstelsel tot stand te bring. In die September-uitgawe is die diensgroep bespreek wat verband hou met die tradisionele aktiwiteite van ons eredienste (nagmaal, kommunikasie en kollekte) en in die November-uitgawe was dit die diakonie se bestuur (voorsitter, tesourier en skriba) wat aangespreek is. Hierdie maand kom die **verwelkomings- en gasvryheidsgroep** aan die beurt.

Die koördineerder van hierdie diensgroep is diaken Renate Wannenburg. Sy en haar bekwame span van ongeveer 14 susters is eerstens daarvoor verantwoordelik om as “eerste aangesig” van ons gemeente te dien. Hulle heet besoekers welkom en verskaf kortliks inligting oor ons gemeente. Na die oggendedienste beman twee van hierdie susters 'n verwelkomingstafel waar besoekers en nuwe lidmate hulleself kan aanmeld.

'n Tweede baie belangrike aspek van hierdie diensgroep is die verwelkoming van nuwe intrekkers. Hulle tree op as eerste gespreksgeenoot en doen 'n basiese behoeftebepaling oor die gesin se fisiese- en geestelike aspekte en kry ook inligting oor die gesin. Hulle besoek ook die nuwe intrekkers – eerstens om hulle tuis te laat voel en tweedens om te bepaal hoe die nuwe intrekkers by die gemeente kan inskakel.

Hierna word die gasvryheidsgroep betrek om die nuwe lidmate by die gemeente te laat inskakel deur hulle te nooi om die KKnK en Nagmaales (onder die vaandel van die sosiale diensgroep) by te woon. Die nuwe lidmate kry hier die geleentheid om medegelowiges te leer ken.

Om hierdie diensgroep effektief te kan bestuur, is koördinerings uiters belangrik. Daarom word dienslyste met diensbeurte opgestel. Etlike administratiewe funksies moet vervul word, byvoorbeeld die opstel en uitdeel van inligtingsvorme en die inligtingsbrosjyre. Daarbenewens sal hierdie diensgroep ook nuwe lidmate kan inlig oor waar hulle betrokke kan raak as hulle voel dat hulle oor spesifieke gawes beskik en hulself wil diensbaar stel tot voordeel van ons gemeente.

In die volgende uitgawe sal ons die versorgingsgroep en hulle aktiwiteite bespreek.




Diakonie

Nasionale Diakonale Kongres

Deel 3: Samewerking met ander barmhartigheidsorganisasies

Begrippe:

- Christologie is die studie en die leer van die kerk aangaande Jesus Christus



Wat is barmhartigheid? **Barmhartigheid in die kerk is Christologies, met ander woorde dit is teologies gefundeerd en gewortel in die liefde van God.** Dit is nie liefdadigheid of die weldoen aan ander nie. Barmhartigheid vloei uit die priesterlike amp van diaken en behels die offervaardigheid van die diaken.

Indien daar met ander instellings saamgewerk word, dan beteken dit dat hierdie barmhartigheidskarakter asook die feit dat die diaken offervaardig is, ook deur die ander instellings onderskryf word. Ander instellings se doelstellings is dalk fundamenteel heeltemal anders as die kerk s'n, byvoorbeeld armoedeverligting wat volksgerig is. Daarom moet die diaken hom toespits op die kerk se verantwoordelikhede. Uit 'n koninkrykperspektief moet die diaken lidmate aktiveer om betrokke te raak. Die diakonie mag nooit funksioneer as 'n agent vir 'n ander instelling nie. Diakonieë is nie liefdadigheidsorganisasies nie.

Waarom toon 'n Christen barmhartigheid? Omdat hy of sy dankbaar en lief is vir Christus! Dit gaan nie hier oor beloning in die hiernamaals nie. Dit gaan nie oor selfvervulling of werkheiliging soos by ander groeperinge nie. Dit gaan daarom dat die diakonie 'n behoefte in die gemeenskap wat werklik swaarkry identifiseer. Binne die raamwerk van kerkordelike reg moet daar gepoog word om eerstens 'n verskil binne die gemeente te bewerkstellig en dan tweedens om kragte saam te snoer om buite die gemeente 'n verskil te gaan maak.

Die beginsel van verantwoordelike samewerking moet nooit die profetiese stem en die geestelike doel van die diakens uit die oog verloor wanneer daar saamgewerk word nie.

Die diakonie se betrokkenheid is baie belangrik om die wie, wat, waar en hoekom-vrae te beantwoord wanneer enige hulpgeval op hul tafel beland.

In deel 4 (Februarie 2026) kyk ons na die kontak en kommunikasie tussen die GKSA se diakonieë.

Ons leer ken ...

Ds. Pieter Kurpershoek

Quinton en Cecilia van der Merwe met Jeandr , Merike en JC



Quinton en Cecilia van der Merwe het einde 2025 saam met hul drie kinders, Jeandr , Merike en JC, vanaf GK Kameeldrift by ons begin inskakel. Hulle is egter nie onbekendes vir ons nie, aangesien hulle vroe r al deel van ons gemeente was en Cecilia se ouers (Johan en Cecilia Pretorius) ook deel van ons gemeente is.

Quinton en Cecilia het albei in die Pretoria-omgewing opgegroeie, met Quinton wat by HTS John Vorster en Cecilia wat by HS Overkruin gematrikuleer het. Hulle het mekaar werklik leer ken toe albei by TUT studeer het. Sedertdien het hulle saam met mekaar 'n pad van genade gestap, waarop daar verskeie uitdagings was, maar waartydens hulle ook in diepte vanuit ons Here Jesus kon leef.

Beide Quinton en Cecilia werk tans by Airwaves Airconditioning (en verwante maatskappye), waar Quinton meer vir beplanning en Cecilia vir personeel-sake verantwoordelik is. Jeandr  durf in 2026 die ho rskool aan en gaan by Transvalia inskakel, terwyl Merike en JC in Laerskool Die Poort is, Merike in Graad 2 en JC in Graad R.

As gesin hou hulle van die ontspanne buitelewe en daarom bly hulle in die Roodeplaat-omgewing. Quinton neem leiding by die Blou Bulle se Ho rskoolrugby en ook NAKA-bulle se Jeugontwikkeling en Cecilia gee aan hom die volle administratiewe ondersteuning wat nodig is. Die kinders hou daarvan om skaak te speel, terwyl rugby, krieket, netbal en gimnastiek ook op die spyskaart is.

Quinton het – met volle ondersteuning van Cecilia – in 2025 met sy teologiese studies begin. Hy studeer na-ure, maar probeer om 'n volle jaar se vakke per jaar te hanteer – wat hy in 2025 besonder goed reggekry het. Dis vir hulle belangrik om by te dra tot die groei van ons Here se koninkryk hier op aarde en daarom voel hulle ook geroepe om uiteindelik in 'n gemeente te kan dien en die Here se genadewoord te kan bring!

Quinton en Cecilia, saam met Jeandr , Merike en JC: Dis altyd lekker om vir ou bekendes terug te verwelkom en te s : Ons vertrou jul saam-leef met ons as gemeente gaan bydra tot ons almal se groei in Christus!

Dit Borrel in my!

As ons oor Jesus en sy weldade aan ons praat, dan borrel dit as't ware uit ons uit van opgewondenheid! Ons het gevra dat ons ervarings met mekaar deel oor hoe ons al in die verlede getuig het. Jy kan ook gerus hierdie rubriek gebruik om met die ander te deel wat Jesus vir jou beteken. Alle bydraes sal anoniem geplaas word. Vandeesmaand plaas ons graag hierdie bydraes wat deur van ons lidmate ingedien is:

Ek was 'n mens wat geworstel het met 'n enorme minderwaardigheidskompleks. As 'n uitweg om dit te oorkom, het ek geglo dat drank die antwoord was. Of was dit? Tydens 'n werksbesoek aan Botswana lees ek twee boeke, waarvan die een "Power of positive thinking" is. Later, tydens dieselfde werksbesoek, ontdek ek die Bybel en gee my lewe aan die Here. Sedertdien (ongeveer 50 jaar later) het ek nog nooit weer aan drank geraak nie!

Na die werk in Botswana afgehandel is, is ek op pad huis toe. By Zeerust ry 'n bejaarde man reg voor my in en veroorsaak byna 'n noodlottige ongeluk. In stede van die normale woedeuitbarsting bid ek summier op die plek vir die man en dank ek ook die Here dat ons gespaar is. Die ongelooflike kalmte wat ek op daardie oomblik ervaar het, het my laat besef dat Hy saam met my in die voertuig was!

Pas tuis en uitgepak, besluit ek om te gaan brandstof ingooi. Uit die bloute begin die petroljoggie my oor die Here vitvra. Ek onderneem net daar om die man onder my vlerk te neem en sorg te dra dat sy geestelike verryking van krag tot krag gaan. So ontstaan daar toe vir my 'n geleentheid om deur middel van evangelisasie na ander uit te reik.

Met die Here se wil en sy leiding het hierdie eerste uitreiking gelei tot ongelooflike geleenthede oor die jare. Ja, hopeloos te veel om hier te noem! As kind van die Here is dit vir my 'n wonderlike voorreg en eer om te kan getuig dat ek die afgelope vyftig jaar steeds betrokke is, dat ek met goeie gesondheid geseënd is en dat ek my steeds beywer om dienste vir evangelisasie te lewer tot verheerliking van ons Here.

Alle eer aan Onse Vader!


Blokraai Januarie 2026

- ✦ Alle lidmate word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem!
- ✦ Sluitingsdatum is die dag waarop die volgende redaksievergadering plaasvind. Dié datum verskyn in die kerk se jaarprogram.
- ✦ Name van lidmate met korrekte inskrywings sal in die volgende maandblad aangekondig word.
- ✦ Maak 'n kopie/afskrif en voltooi dan die blokkiesraaisel. Vir die gerief van ons ouer lidmate is 'n paar kopieë op die kennisgewingbord beskikbaar.
- ✦ Maak seker dat jou naam en van op die voltooide blokkiesraaisel aangebring is.
- ✦ Skandeer die ingevulde blokkiesraaisel en stuur dit aan fontein@annlin.co.za of plaas die papierweergawe in die fontein briewebus by die kennisgewingbord in die voorportaal.

Vorige korrekte
blokkiesraaisels:

**Cobie Plomp
Andrie Beumer
Rita Kruger**

Naam en van: _____



Blokraai (vervolg)

Leidrade - Af:

2. Vanaf watter gemeente het die Van der Merwes na ons oorgekom? [uit Ons leer ken]
4. Wie het die artikel Etiek van ons keuses geskryf? (6,5)
5. Hoe lank het Elias Malebye by ons gemeente gewerk? (7,4)[uit Elias se afskeid]
6. Watter item word in Eksodus 25:10-22 beskryf? [uit Het jy geweet?]
7. Een voorbeeld wat ons maats of gesin verkeerd kan doen. (4,4)[uit Tienerfokus]
8. Wat is die Hebreeuse woord vir swaeltjie? [uit Diere en voëls van die Bybel]
9. Wie is die nuwe redakteur van die Fontein Maandblad? [uit Redaksioneel]

Leidrade - Dwars:

1. Wat moet ons goed ken om Jesus te volg? [uit Wat dit verg om Jesus te volg]
3. Wie is die hoofkarakter in die nuwe verhaal? [uit Terug skool toe]
6. Een plek waar Jesus spore agtergelaat het. [uit Volg die regte spore]
7. Die eerste aspek van die Verwelkomings- en gasvryheidsgroep begin by die _____. [uit Diakonie se diensgroepe]
10. Die twee mense wat hul oog op Jesus gehou het was Daniël en _____. [uit Hou jou oog op Jesus]
11. Van waar het sommige mense gekom om die Kersliedere by Kerslig by te woon? [uit “Skenk ons ’n helder Somerkersfees in hierdie land, O Heer!”]


Het jy geweet?

Gerhard van Staden

Die Israëliete is beveel om hulle oë te rig op die verbondsark toe hulle deur die Jordaanrivier op pad na die beloofde land getrek het. (vgl. Josua 3). Die verbondsark was ’n pragtige houer wat drie items bevat het, naamlik die tien gebooe, ’n goue houer met manna en Aäron se stok (wat bloeisels gekry het). Die verbondsark is volgens God se opdrag en plan gemaak (Eks. 25:10-22) en het die Israëliete gehelp om dit wat hulle oor God geleer het, te onthou terwyl hulle deur die woestyn getrek het.

Bronnelys:

Strehler, Dave. 2014 'n Ontdekkingsreis deur die Bybel vir kinders. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.



Diere en voëls van die Bybel

Swaeltjies en mossies (Deel 9)

Gerhard van Staden

In die slotaflewering van hierdie reeks oor voëls van die Bybel kyk ons na twee klein spesies, naamlik die swaeltjies en die mossies.


Dit word algemeen aanvaar dat die Hebreeuse woorde sus en deror respektiewelik swaels en windswaels beteken.

Verwysings na swaeltjies in die Bybel:

In Jeremia 8:7 lees ons dat selfs trekvoëls, onder andere swaeltjies, weet wanneer dit tyd is om terug te kom, maar die volk wat weggebreek het van die Here af kom nie terug soos die trekvoëls nie, menende dat die volk hulle nie bekeer nie.

In Spreuke 26:2 lees ons: “Soos voëltjies [windswaels] wat verbyvlieg en nie gaan sit nie, so gaan ’n vervloeking by jou verby as jy dit nie verdien nie.”

In Psalm 84:4 lees ons: “Selfs ’n mossie het ’n nes en ’n swaeltjie ’n plek vir haar kleintjies daar by u altare ...”. Die psalmdigter het so ’n groot verlange om in God se teenwoordigheid in sy huis en naby Hom te wees dat hy die opmerking maak dat selfs hierdie klein voëltjies daar nesmaak.



Verwysings na mossies in die Bybel:

Die alombekende Matteus 10:29 lees: “Is twee mossies nie vir ’n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie.” Hiermee het Jesus bedoel dat God na elke behoefte van die mossies omsien – en ons is vir Hom baie meer werd en kosbaar as wat die mossies is.

In Lukas 12:6 lees ons: “Word vyf mossies nie vir twee sent verkoop nie? ... julle is baie meer werd as mossies.” Let op dat daar afslag is as jy meer mossies koop! Daar was baie mossies en hulle was ’n bron van voedsel vir die arm mense. Mossies was dus baie goedkoop.


Dit is belangrik om te weet dat mossies in die Bybel heel waarskynlik na enige soortgelyke voëltjies verwys het, byvoorbeeld vinke, streepkoppies, lewerike, sangers en dies meer.



Bronnelys:
Cansdale, George. 1970. All the animals of the Bible Lands. Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Jesus - ons voorbeeld

Henriëtte Mulder



Wat moet ek doen? Wat doen ons wanneer ons sien dat ons maats of gesin verkeerd optree?

Neem ons deel aan die verkeerde of volg ons die voorbeeld wat Jesus vir ons gestel het? Baie keer voel dit vir ons, as jong mense, dat ons nie vir iemand kan sê wat hulle doen verkeerd is nie. Jesus het as kind ook mense gewys op wat hulle verkeerd doen. Ons moet Jesus vra om ons te lei sodat ons met respek en liefde die regte dinge uitwys en doen.

Een voorbeeld hoe ons die regte ding kan doen, is om nie saam vuil taal te gebruik as ons maats of familie dit gebruik nie. Ons kan dan vra dat daar nie so gepraat word nie. As dit gebeur dat niemand na die versoek luister nie, kan ons onself uit die situasie verwyder.

Dink aan nog maniere waarop jy Jesus se voorbeeld in jou daaglikse lewe kan volg ...

Gebed:

Vader Heer, gaan saam met ons elkeen sodat ons ons oë op U gerig hou in elke deel van ons lewens. Leer ons om U voorbeeld te volg en uit te leef - om waarlik 'n volgeling van U te wees sodat die mense om ons U deur ons optrede kan sien.

Amen



Terug skool toe

Nicola du Plessis

Ek staar deur die klas se venster. Hoe op dees aarde moet ek in 300 woorde sê wat in die vakansie gebeur het?

Ons was see toe en daar het ons 'n klomp museums en akwariums besoek. My gunsteling was die "Het jy geweet?"-bordjies wat oral teen die mure opgesit was. Wie sou kon raai dat haaie nie bene het nie. Jaaaaa, ek weet hulle het nie dié met voete nie, maar hulle hele skelet bestaan net uit kraakbeen. 'n Aprima se skubbe het dieselfde eienskappe as 'n koeëlvaste baadjie! Of, het jy geweet dat die oseaan uit 1,35 miljard kubieke kilometer water bestaan? En Challenger Deep in die Mariana Trog is die diepste punt in die oseaan.

Wat vir my die interessantste was, is die feit dat die verste punt van enige landmassa af, Point Nemo, meer as 2 600 km die oseaan in, is. Dus is die naaste mense aan die punt die ruimtevaarders op die internasionale ruimtestasie, wanneer hulle reg bo die punt verbywentel.

Dalk moet ek oor ons akwariumbesoek skryf en dan 'n spul vreemde feite lys wat ek die vakansie geleer het? Nee, wag, Juffrou se opdrag was: Wat het jy die vakansie gedóén? Wel, die insident met die hond het voor die vreemde feitebordjie gebeur ... Ek het voor die bordjie met my roomys gestaan. Toe ek nattigheid op my tone voel, het ek eers besef dit is besig om te smelt terwyl ek staan en lees. Die roomys het van die horinkie afgeval en bo-op 'n tannie se poedel se kop beland. En nie enige poedel nie ... Een van daai wat lyk asof hy pas uit 'n hondesalon gestap het!

"Tannie, Tannie ek is jammer," sê ek benoud en beduie na die hondjie.

"O, aarde! Arme Fiefie! Sy is nie gewoond aan sulke koue goed nie!" het die tannie paniekerig uitgeroep. Fiefie het egter heel in haar noppies gelyk met die aarbeisoetigheid wat oor haar gesig loop.

Ek het 'n servet uit my broeksak gehaal en die ergste roomys van Fiefie se kop begin afvee.

"Dis oukei, ons het maar net geskrik." Sy het in haar handsak rondgekrab en met nog servette te voorskyn gekom. Toe die ergste gemors eers skoon is, het ek aangebied om Fiefie se salonkoste te dek. Teen daardie tyd het die tannie darem al besef dat Fiefie nie ook sal smelt nie. "Dis oukei, moet nie bekommer nie, jong man. Ek gaan haar sommer by die huis bad. Gaan koop jy liever vir jou nog 'n roomys."

My gedagtes word na die hede teruggeruk toe juffrou Mosterd, arms gevou, voor my staan. "Jaco Pretorius, is jy van plan om jou opstel te skryf?"

My gedagtes het sowaar nou verder as Point Nemo gedwaal. Ek beter skouer aan die wiel sit, of my punte gaan hierdie jaar laer as Challenger Deep daal!



Kleuterpret

Inkleurprent

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif te maak van hierdie bladsy. Plaas dan jou ingekleurde prent op die kennisgewingbord. Ons wil graag sien!




Jongmensjolyt

Legkaart bou

Vra vir Mamma of Pappa om 'n afskrif van hierdie bladsy te maak. Sny dan die legkaart uit en voltooi.

*Wenk: Die volledige prent is iewers in die maandblad.





Blokadvertensies

**Gereformeerde Kerk
Pta-Magalieskruin**
nooi jou uit na ...

Sustersaamtrek 2026

*Leef bedagsaam
voor God*

Saterdag, 7 Maart 2026 om 8:30
Joycelaan 150, Magalieskruin

R220 PER PERSOON

RSVP by Riekie Prinsloo
082 586 9167
magaliessusters@gmail.com

Identifiseer jou Geestesgawes!
God stort geestelike gawes uit op gelowige
mense – dus ook op ons as gemeente.

Weet jy wat jou gawes behels? Is in jy
aanvoelig met die gawes van jou
medegelowiges?

Wil jy graag jou geestesgawe(s) ontgin?
'n Kursus oor geestesgawes word binnekort
aangebied.

Die twee-dag kursus is 23 en 24 Januarie
2026. Sien die nuusbrieff vir tye.

GJV KAMP 2026

Tema: Verhoudings in Christenskap

Die Hoekie

Datum: 30 Januarie-1 Februarie

Tyd: Aankoms vanaf 16:00

KOSTES:

Vrydag-Sondag R400	Saterdag-Sondag R200
-----------------------	-------------------------

Indien finansies 'n probleem is kontak ons gerus!
Cobus Swart 071 265 9441
Ds. Gerben Meijer 062 279 4469

**GEREFORMEERDE
KERKORDE
KURSUS 2026**

SPESIALE AANBOD VIR KERKRADE!

Alle leesmateriaal
word voorsien
Klasse word
opgeneem en
beskikbaar gemaak
vir weerkyk

5+ persone
R1 000 p.p.

**SKRYF
NOU IN!**

Dosent:
Dr. Gerard
Meijer

**VUL DIE SKAKEL IN EN
STUUR JOU KERKRAAD
SE NAAMLYS NA
ADMIN@RGTA.ORG.ZA**

GEREFORMEERDE KERK PRETORIA-ANNLIN

POTJIEKOS

KOMPETISIE

TEN BATE VAN TOPIA-BEDIENING

**14 FEBRUARIE
2026
9:00 - 14:00**

**INSKRYWINGS @ R120pp
KINDERS <12 R50 KINDERS <3
GRATIS | 8 ETES PER SPAN**

KONTAK (012) 567 1492

INSKRYWINGS EN BESPREKINGSVORM

**KOM NEEM DEEL – DIT IS VIR 'N
VERDIENSTELIKE SAAK
(KLIK OP DIE ADVERTENSIE)**

Die kerkraad het goedgekeur dat die
opbrengs van die 2026 potjiekoskompetisie
ten bate van die TOPIA-bediening sal gaan.
TOPIA staan vir "Training of Pastors in Africa".
Die opleiding van predikante in Afrika deur
sendeling ds. Johannes Aucamp is een van
ons gemeente se evangelisasie-
fokusprojekte en ons wil graag help verseker
dat TOPIA finansiële volhoubaarheid bly.

Lidmate word aangemoedig om
familie/vriende te nooi om op die dag
gesellig saam te verkeer. **Klik op die
advertensie** vir die inskrywing, reëls en
beoordelingskriteria vir die kompetisie.
Vir verdere inligting kan u intussen vir **oudl.
André Beetge (082 467 4523)** of **oudl. Johan
Potgieter (082 770 4262)** kontak.

Skandeer die QR Kode of klik op die ikoon hieronder vir ons sosiale platforms:

